



KAPT. BILL LEITH en 'n bemanningslid van die SA Agulhas by twee driebeenpotte wat vroeër op Marion- en die Prins Edward-eiland gebruik is.

Skip bring ou potte van pool

'n ONGEWONE vrag van twee driebeenpotte uit die vorige eeu is met die laaste vaart van die SA Agulhas saam met 'n span weerkundiges van Antarktika na Suid-Afrika teruggebring.

Kapt. Bill Leith, bevelvoerder van die SA Agulhas, het die potte, wat vroeër gebruik is om traan uit robbe te braai, vir die Departement van Vervoerwese se museum in Pretoria teruggebring.

Volgens kapt. Leith is die potte in die vorige eeu gebruik toe daar nog op Prins

Edward- en op Marion-eiland ondernemings was wat hulle op die jag van robbe toegespits het.

"Die potte is seker sowat honderd jaar oud en in 'n erg verweerde toestand. Elke pot weeg sowat 'n ton," het hy gesê.

Kapt. Leith het gesê dat die potte van gietyster sal nou na die Vervoermuseum in Pretoria gebring word.

Hy het gesê sover hy weet, is daar in Suid-Afrika net twee ander soortgelyke potte. Hulle is voor die poskantoor in Simonstad.